



BESTEK	
Ou Testament	Exodus 10-13
Nuwe Testament	Lukas 15:1-16:13, 19-31, 18:1-14
Les	Les 1 – 9

Afdeling A – Exodus 10-13

Vraag 1 Omkring die regte antwoord op die *antwoordstel*:

- 1.1 Die Here het Farao se hart _____. (Ex. 10:1)
a) versag b) verhard c) onveranderd gelaat d) geken
- 1.2 Moses het Farao gewaarsku dat as hy die volk nie laat trek nie die Here die volgende dag 'n plaag van _____. (Ex. 10:4)
a) sprinkane b) vlieë c) moegheid d) paddas
- 1.3 Wat het Moses oor Egipteland uitgesteek om die plaag oor Egipte te bring. (Ex. 10:13)
a) Niks nie b) sy hand c) sy staf d) sy spies
- 1.4 Watter kleur het die land geword van die plaag wat alles bedek het. (Ex. 10:15)
a) wit b) bruin c) groen d) swart
- 1.5 Farao het gevra dat Moses tot die Here sy God moes _____ dat die plaag sou verdwyn. (Ex. 10:17)
a) bid b) smEEK c) skreeu d) bedank
- 1.6 Wat het die Here gestuur oor die plaag, wat alles bedek het te verdryf tot in die Skelfsee. (Ex. 10:19)
a) sneeu b) wind c) reën d) hael
- 1.7 Hoe lank het die Here die plaag van duisternis oor Egipte laat kom? (Ex. 10:22)
a) een dag b) twee dae c) vier dae d) drie dae
- 1.8 Waar was daar wel lig? (Ex. 10:23)
a) by die Nyl b) In die woestyn c) by Israel d) by die Skelfsee
- 1.9 Wat moes Israel van hulle naaste eis voor hulle trek? (Ex. 11:2)
a) silwer en goue goedere b) seep c) meel d) perde
- 1.10 Hoe laat sou die Here deur Egipteland trek met die laaste plaag? (Ex. 11:4)
a) omtrent elfuur b) omtrent middernag c) omtrent agtuur d) omtrent drieuur

Vraag 2 Voltooi die volgende verse en vul die antwoord op die *antwoordstel* in:

Farao, tiende, gejammer, Egipteland, lam, bloed, eersgeborenes, rammetjie, nag, huise,

- 2.1 En daar sal 'n groot **A** in die hele Egipteland wees soos daar nie gewees het en soos daar nie weer sal wees nie. (Ex. 11:6)
- 2.2 ... **B** sal na julle nie luister nie, sodat my wonders in **C** baie kan word. (Ex. 11:9)
- 2.3 ... op die **D** van hierdie maand moet elkeen 'n lam neem volgens die families, 'n **E** vir 'n huisgesin. (Ex. 12:3)
- 2.4 Julle moet 'n lam hê sonder gebrek, 'n jaaroud **F**. (Ex. 12:5)
- 2.5 Sê hulle moet van die **G** neem en dit stryk aan die twee deurposte en aan die bo drumpel, aan die **H** waarin hulle dit eet. (Ex. 12:7)

- 2.6 Wat ek sal in hierdie I deur Egipteland trek en al die J in Egipteland tref ... (Ex. 12:12)

Vraag 3 Sê of die volgende Waar of Vals is.

Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 3.1 Die Israeliete kon hulle kos van die Pasga baie rustig eet. (Ex. 12:11)
- 3.2 Die dood van die eersgeborenes sou slegs die mense tref. (Ex. 12:12)
- 3.3 Wanneer die Here die bloed sien sal hy die lewe van die eersgeborene spaar. (Ex. 12:13)
- 3.4 Hulle moes ongesuurde brode eet vir sewe dae. (Ex. 12:15)
- 3.5 Israel moes die dag as 'n gedenkdag vir altyd onthou. (Ex. 12:14)
- 3.6 Die Egiptenaars het sterk aangehou dat die Israeliete moes trek. (Ex. 12:33)
- 3.7 Israel het die Egiptenaars berowe. (Ex. 12:36)
- 3.8 Die tyd wat die kinders van Israel in Egipte gewoon het was vierhonderd-en-dertig jaar. (Ex. 12:41)
- 3.9 Slegs hulle wat besny was kon die pasga eet. (Ex. 12:44)
- 3.10 Die paaslam se bene mag nie gebreek word nie. (Ex. 12:46)

Vraag 4 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 4.1 Na watter see het die Here Israel laat trek? (1)(Ex. 13:18)
- 4.2 Wie van die twaalf seuns van Jakob se bene het Moses saamgeneem toe hulle wegtrek? (1)(Ex. 13:19)
- 4.3 Die Here het voor die volk uitgetrek. Waarmee het Hy voor hulle uitgetrek in die dag en in die nag? (2)(Ex. 13:21-22)
- 4.4 Die dood van die eersgeborenes is die hoeveelste plaag? (1)(Ex. 11)

35 Punte

Afdeling B – Lukas 15:1-16:13, 19-31, 18:1-14

Vraag 5 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 5.1 Die Fariseërs was ongelukkig met Jesus, want Hy het saam met die _____ geëet? (Lk. 15:1)
a) vroue b) tollenaars c) dissipels d) Saduseërs
- 5.2 Hoeveel skape het die herder gehad waarvan een weggeraak het. (Lk. 15:4)
a) 100 b) 99 c) 98 d) 97
- 5.3 Hoeveel pennings het die vrou gehad waarvan een weggeraak het. (Lk. 15:8)
a) 7 b) 8 c) 9 d) 10
- 5.4 Wat het die vrou en haar vriendinne gedoen toe sy die penning weer gekry het? (Lk. 15:9)
a) tee gedrink b) niks nie c) hulle was saam bly d) hulle het gehuil
- 5.5 Hoeveel seuns het die vader in die gelykenis gehad? (Lk. 15:11)
a) 1 b) 2 c) 3 d) 4
- 5.6 Die jongste seun het weggereis na _____? (Lk. 15:13)
a) sy vriend b) 'n onbekende plek c) 'n ver land d) die volgende dorp
- 5.7 Wat het die land getref terwyl hy daar vertoef het? (Lk. 15:14)
a) hongersnood b) sprinkane c) steekvlieë d) hitte
- 5.8 Wat was die seun se laaste werk wat hy gedoen het? (Lk. 15:15)
a) hy was 'n skaapherder b) hy het varke opgepas
c) hy het beeste opgepas d) hy het nie gewerk nie
- 5.9 Die seun wou teruggaan na sy vader en word soos een van sy _____. (Lk. 15:19)
a) familieleden b) ander seuns c) huurlinge d) vriende
- 5.10 Voltooi: Bring die _____ kleed en trek hom dit aan ... (Lk. 15:22)
a) langste b) grootste c) mooiste d) beste

Vraag 6 Voltooi die volgende verse en vul jou antwoord op die antwoordstel in:

vrolik, dood, vetgemaakte, gebod, bly, kalf, broer, aanhang, vader, haat

- 6.1 ...bring die A kalf en slag dit, en laat ons eet en B wees. (Lk. 15:23)
- 6.2 ... hierdie seun van my was C en het weer lewendig geword. (Lk. 15:24)
- 6.3 ...U broer het gekom en u D het die vetgemaakte E geslag, omdat hy hom gesond teruggekry het. (Lk. 15:27)
- 6.4 ...Kyk, ek dien u so baie jare en ek het nooit u F oortree nie... (Lk. 15:29)
- 6.5 Ons moet tog vrolik en G wees, want hierdie H van jou was dood en het weer lewendig geword... (Lk. 15:32)
- 6.6 Geen huiskneg kan twee here dien nie; want hy sal of die een I en die ander een liefhê, of die een J en die ander een verag. (Lk. 16:13)

Vraag 7 Sê of die volgende Waar of Vals is.

Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 7.1 Die ryk man het elke dag vrolik gelewe. (Lk. 16:19)
- 7.2 Lasarus, die bedelaar, was vol swere. (Lk. 16:20)
- 7.3 Die bedelaar is deur die engele weggedra na die boesem van Abraham. (Lk. 16:22)
- 7.4 Die ryk man het in die doderyk sy oë opgehef en was in smarte. (Lk. 16:23)
- 7.5 Dit was vir die ryk man koel in die doderyk. (Lk. 16:24)
- 7.6 Die ryk man het gesmeek dat sy vyf broers gewaarsku word en nie in die plek van pyniging kom nie. (Lk. 16:28)
- 7.7 Die ryk man het gevra of iemand uit die dode met sy broers kan gaan praat. (Lk. 16:30)
- 7.8 Abraham het gesê dat hulle na Moses en die Profete moes luister. (Lk. 16:31)
- 7.9 Die twee manne in die gelykenis wat gaan bid het was 'n Fariseër en 'n tollenaar. (Lk. 18:10)
- 7.10 Die tollenaar het erken dat hy 'n sondaar is en om genade gebid. (Lk. 18:13)

Vraag 8 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 8.1 Wat wou die jonger seun eet toe hy die varke opgepas het? (Lk. 15:16)
- 8.2 Waar was die oudste seun toe sy broer by die huis gekom het? (Lk. 15:25)
- 8.3 Voltooi: Elkeen wat homself _____ sal verneder word en hy wat homself _____ sal verhoog word. (2)(Lk. 18:14)
- 8.4 Voltooi: Julle kan nie God en _____ dien nie. (Lk. 16:13)

35 Punte

**Vraag 9 Sê of die volgende Waar of Vals is en
vul jou antwoord op die antwoordstel in:**

- 9.1 Die Psalmdigter leer dat die Woord van God 'n lamp is vir ons voet en 'n lig vir ons pad. (Les 1)
- 9.2 Die Bybel is 'n versameling van 64 boeke. (Les 1)
- 9.3 Jesus was die grootste profeet. (Les 1)
- 9.4 Die Bybel is stories wat mense opgemaak het. (Les 2)
- 9.5 Die Here skryf die Wet op twee kliptafels neer. (Les 2)
- 9.6 Die oorspronklike weergawe van die Bybel was gedruk. (Les 2)
- 9.7 Die woord "Messias" beteken gesalfde. (Les 2)
- 9.8 Die vier beskrywings van die evangelie is Mattheus, Markus, Lukas en Johannes. (Les 2)
- 9.9 Diere is ook na die beeld van God geskape. (les 4)
- 9.10 Henog het nie naby God geleef en God gedien nie. (les 6)

Vraag 10 Vul ontbrekende woord op jou antwoordstel in:

Farao, Paradys, geloof, ontstaan, goed, moord, Isak, Henog, hoogtepunt, Woord

- 10.1 Alles wat God gemaak het was **A** . (Les 4)
- 10.2 God skep die mens as die **B** van die skepping. (Les 4)
- 10.3 In Heb. 11:3 leer ons die volgende woorde: "Deur die **C** verstaan ons dat die wêreld deur die **D** van God voorberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie **E** het uit sienlike dinge nie." (Les 4)
- 10.4 Die tuin van Eden se ander naam is die **F** (Les 5)
- 10.5 Die eerste **G** word gepleeg deur Kain. (Les 6)
- 10.6 Toe Abram 100 jaar oud was is **H** gebore. (Les 7)
- 10.7 Moses word in die paleis van die **I** grootgemaak. (Les 8)
- 10.8 **J** was 'n besondere man wat uit die nageslag van Set gebore is. (Les 6)

Vraag 11 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 11.1 Die Bybel bestaan uit ____ boeke. (Les 1)
- 11.2 Die Bybel is die _____ van God (Les 1)
- 11.3 Deur Wie het alles ontstaan? (Les 4)
- 11.4 Hy word in die Bybel die vader van die gelowiges genoem. (Les 3)
- 11.5 Gee die name van die twee bome in die middel van die tuin. (Les 5)(2 punte)
- 11.6 Hoeveel mense is saam met Noag gered van die vloed? (Les 6)
- 11.7 Wat moes Abraham met Isak gaan doen volgens die opdrag van die Here? (Les 7)
- 11.8 Wat moes die Israeliete aan die deurkosyne verf? (Les 8)
- 11.9 Waardeur ken ons ons sonde? (Les 9)

30 Punte

Totaal: 100 Punte